

Malligheid in Margate



Monduit-
spoeel

1 **M**ENIGE ouer is so besig om hul
2 kinders te bederf dat hulle vergeet het
3 hoe om nee te sê. Veral as hul
4 bloedjies na matriek daarop aandrings
5 om Margate toe te gaan.
6 Soos vorige Desember vakansies is dié kusdorp weer
7 'n miernes van afgestudeerde matrieks (lees:
8 testosteroonryk, jonk en jukkerig). Jeugdige met 4x4's
9 Bee-ems en veral baie kontant. Hoe anders? Dis mos
10 algemeen in die jappiekultuur dat 18-jarige
11 hoofaanspraak het op hul ouers se beurse. Mammie en
12 Pappie kan immers nie ná 'n leeftyd van instoppery die
13 geldkraantjies skielik toedraai nie.
14 Hulle is net eenmaal jonk, hoor ek al die verergde
15 reaksie van menige ma en pa. Die 16-jarige Kalin Jooste
16 was ook eenmaal jonk. Dis nou voor sy in Desember
17 2005, drie-uur die oggend, na 'n nagklubgekuery in
18 Margate met 'n mes doodgesteek is.
19 Belê in die jeug, hulle is die toekoms, is die raad wat
20 elke geslag aanhoor. Maar hoe? Deur hulle álles te gee
21 wat hulle wil hê?
22 Opvoedkundige en sielkundige wroeg ernstig oor
23 wat hulle noem die instopsindroom. Hulle sê dit begin
24 met sommige ryk mense se geldbeheptheid en mode van
25 wil-hê-moet-kry. En met die móet-beter-wees-as-die-
26 bure-siekte. Dan, as Boetie en Sussie begin grootword,
27 word hulle deel daarvan.
28 Iemand vertel my van 'n klomp jappie-ma's wat
29 vir hul dogtertjies 'n klaar-met-laerskoolpartytjie gehou
30 het. Die gunstelingdrag van die meeste van dié klein

grootmense was ontwerpersdenims van so R7 000 en
Billabongbloesies van so R3 000.
DAAR is 'n paar redes hoekom die Margatetoe-sindroom
so tragies is. Dis immers jou laaste vakansie voor jy die
grootmensewêreld betree. Hoekom dit nie vir outlaas saam
met die gesin deurbring nie?
Tensy hierdie jongelinge se ouers so graag van hulle
ontslae wil wees; tyd op hul eie wil hê. Of tensy daardie
komplimentêre kredietkaart en die los-die-leisels-
houding maar net die maklikste opsie is. Dan kan hulle
mos altyd sê hulle het nie geweet hul enigste liefing doen
Tik en heroïen nie.
'n Mens kan seker maar net bespiegel oor hoe
wydverspreid die instopsindroom is. Maar as jy om jou
kyk en koerante lees, wonder jy of dit nie 'n soort
verwonge skuldgevoel by ouers is nie. Dalk om hul
kinders beter te laat voel oor hierdie land wat almal sê die
vorige geslag so met apartheid opgekoffie het?
Ek weet nie. Maar die aantal tieners wat van jongs af
geleer word jy mag maar kry net wat jou hart begeer, is
báie.
Nog iets wat ek nogal gereeld sien: As jy droogmaak,
haas Mammie en Pappie hulle om jou kastaiings vir jou uit
die vuur te kom krap. Wáár, vra ek jou, wáár moet sulke
jong mense nou leer van verantwoordelikheid? En van
werk vir wat jy in die lewe wil hê?
En dan, na amper twee dekades van finansiële utopie,
kom jol hulle in Margate. Hoekom nie? Hulle kan mos
maar eers volgende jaar begin bekommerd raak oor die
eise wat die grootmenselewe gaan stel.



7
8
9
10
11
12
13
14
15
16
17
18
19
20
21
22
23
24
25
26
27
28
29
30

Ek gaan ook nie skaam wees omdat ek uit die soort generasie kom waar daar van jou verwag is om self verantwoordelikheid te neem vir wat jy verbrou het nie. Waar is tog die dae toe kinders wat moeilikheid met 'n onderwyser optel, nie gedróóm het om by hul ouers te gaan kla nie? Want dan sou jou ore en boude gewis 'n tweede keer gebrand het.
En hoekom ontnem vandag se mammie haar seuntjie van daardie trotse gevoel om self sy laerskoolmaats uit te sorteer as hulle hom spot? O nee, hy word mos van kleins af geleer. Mammie is daar vir jou, Seuna, sy's daar.
EK hoor al hoe grom almal dat vandag se samelewing drasties verskil van my jongmensdae. Natuurlik is dit so. Maar ek gaan nie skielik saam met so baie middeljarige mense maak asof vandag se jeug van goud en sonskyn aanmekeer gesit is nie. Of hul gruwelgewoontes en bederwery goedpraat nie.
En sodra jy hom kan gebruik, Seuna, ook haar kredietkaart. Sy sal sorg dat jy hom altyd byderhand het.
Veral in Margate.

SKRYWERS EN DIE GEWRAAKTE P-WOORD

Met ongemaklike reëlmaat maak die gevreesde p-woord sy verskyning in koerantopskrifte – die woord waarmee 'n skrywer tot die eiland van groot swye verban kan word.

Die HAT definieer die gewraakte woord, plagiaat, as volg: 'Die oorneem van gedagtes, argumente, ens., uit 'n ander skrywer se werk en dit as jou eie laat deurgaang; letterdiefstal.'

Twee weke gelede het 'n Engelstalige Sondagkoerant berig oor die ooreenkomste tussen koerantartikels en sekere dele van 'n boek oor pres. Mbeki en die ANC. In die artikel word kommer uitgespreek oor die gehalte van navorsing en die erkenning van bronne binne Suid-Afrikaanse skryfwerk.

In 2007 was die *New York Times* in ernstige moeilikheid toe een van sy joernaliste skuldig bevind is aan plagiaat en bedrog.

Op die plaaslike literêre gebied is verskeie skrywers ondersoek vir plagiaat. Hiervan is Melanie Grobler vir 'n vertaalde gedig, die bekendste in Afrikaanse kringe.

Blatante plagiaat is maklik om raak te sien - die oorskryf van 'n teks - wanneer 'n skrywer of digter 'n gedig of verhaal voorhou as sy/ haar eie werk en maklik uitgang word.

Webwerwe op die Internet verskaf toenemend riglyne aan skrywers oor die gevare van plagiaat, maar ook oor die voorkoming daarvan. Daarvan is die volgende gevalle bekend onder studente en moet verwysings verskaf word:

1. As jy iemand se idees en/ of woorde gebruik, moet jy die bron noem.
2. Indien jy spesifieke hulp van iemand gekry het met die skryf van 'n werkstuk, erken dit.
3. Indien jy 'n bron gebruik, moet dit duidelik wees hoe jy dit gebruik sodat agterdog nie gewek word nie.

Subtiele plagiaat is moeiliker om op te spoor en kom wyd voor. Dit is waar die plagiariër op 'n slinkse manier probeer parafraseer, d.w.s. die woorde en idees van 'n ander skrywer oorneem en dan in sy eie woorde oortel.

Skrywers maak dikwels gebruik van intertekste en veral in poësie en die verhaalkuns is hulle dan nie altyd versigtig met verwysings na die bron nie. Dit word algemene gebruik om deesdae 'n bronnelys agter in romans te sien.

Dit is hoe dit gedoen moet word. Alle aspirant-skrywers behoort hiervan kennis te neem.

Baie dinge, soos modes, idees en musiek, word deesdae hersirkuleer. As gevolg van 'n beperkte geheue en verwysingsraamwerke ervaar 'n nuwe generasie dit dan as nuut en vind dit moeilik om oorspronklik te wees. Hierdie hedendaagse jong kunstenaars trap dan maklik in die plagiaat-slagyster.

Dit is net nie die moeite werd om alles wat jare geneem het om tot stand te bring met een onbesonne of ondeurdagte reël af te skryf nie.

Reeds op skool steek die plagiaat-draak ernstig kop uit. Wanneer plagiaat in die portefeulje-take van matriculante of navorsingstake van universiteitstudente bewys word, het dit uiters ernstige gevolge en kan jare se toegewyde studie eensklaps 'n ernstige knou kry.

Doen dus die moeite en voeg die aanhalingstekens in en vermeld die bron.

Clinton du Plessis uit *Rapport* 21 Mei 2006 (verwerk)

MEESTER

Danie Cronjé

1.



2.



3.



4.



5.



Uit: <Litnet. co.za>



DAAR IS 'N TOEKOMS VIR DIE KAPPIE

- 1 Die kappie in Afrikaans is nou nie 'n affêre waaroor mens noodwendig dink nie. Totdat jy 'n reeks komplekse kodes op 'n rekenaar moet
- 2 gebruik om die kappie neer te lê waar dit hoort. En jy 'n selfoon-tekstboodskap noodgedwonge kappieloos die lugruim binnestuur. Dan begin
- 3 mens wonder: Hoekom nie die kappie maar verlê nie? Hoekom dit nie wegbêre vir altyd nie?
- 4 Maar al is die kappie so klein, speel dit 'n reuserol in Afrikaans. Dit gee sin aan wat ons wil sê en hoe ons dit sê. Dit span die kroon op
- 5 die uniekheid van ons taal.
- 6 Met Sanlam se betrokkenheid by projekte soos die Sanlam-prys vir Afrikaanse teater, die Sanlam-prys vir Jeuglektuur, RSG/Sanlam
- 7 se Radiodramakompetisie en Sanlam/Insig se Groot Romankompetisie gee ons ondersteuning aan 'n taal wat trots oorspronklik is.
- 8 En wys ons presies waar die kappie môre gaan wees – ferm op sy plek in die moderne wêreld daarbuite.
- 9 Vir meer inligting oor die projekte, besoek gerus www.sanlam.co.za